REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

R0,80 Prys • Price
R0,08 Plus 10% BTW • VAT
R0,88 Verkoopprys • Selling price
Buitelands R1,10 Other countries
Posvry • Post free

Vol. 322 PRETORIA, 27 APRIL 1992 No. 13949

## ALGEMENE KENNISGEWING

### KENNISGEWING 397 VAN 1992

### DEPARTEMENT VAN FINANSIES

UITVOERAANSPORINGSKEMA KRAGTENS DIE WOORDOMSKRYWING VAN "UITGEVOER" IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET No. 89 VAN 1991)

Besonderhede van die uitvoeraansporingskema, kragtens die bepalings van die woordomskrywing van "uitgevoer" in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), soos deur die Waarnemende Minister van Finansies goedgekeur, is in die Bylae uiteengesit en word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak.

**J. W. HATTINGH,**
Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

### BYLAE

**UITVOERAANSPORINGSKEMA KRAGTENS DIE WOORDOMSKRYWING VAN "UITGEVOER" IN ARTIKEL 1 VAN DIE WET OP BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE, 1991 (WET No. 89 VAN 1991)**

***Woordomskrywings***

Vir doeleindes van hierdie skema het enige woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg word die betekenis aldus daaraan geheg, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

**"belasting"** Belasting op Toegevoegde Waarde;

**"BLNS-lande"** Botswana, Lesotho, Namibië en Swaziland;

## GENERAL NOTICE

### NOTICE 397 OF 1992

### DEPARTMENT OF FINANCE

EXPORT INCENTIVE SCHEME IN TERMS OF THE DEFINITION OF "EXPORTED" IN SECTION 1 OF THE VALUE-ADDED TAX ACT, 1991 (ACT No. 89 OF 1991)

Particulars of the export incentive scheme in terms of the provisions of the definition of "exported" in section 1 of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991), as approved by the Acting Minister of Finance, are set out in the Schedule to the Act and are hereby notified for general information.

**J. W. HATTINGH,**
Commissioner for Inland Revenue.

### SCHEDULE

**EXPORT INCENTIVE SCHEME IN TERMS OF THE DEFINITION OF "EXPORTED" IN SECTION 1 OF THE VALUE-ADDED TAX ACT, 1991 (ACT No. 89 OF 1991)**

***Definitions***

For the purposes of this scheme, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, bears the meaning so assigned thereto, and, unless the context otherwise indicates—

**"BLNS countries"** means Botswana, Lesotho, Namibia and Swaziland;



Archived

**"BLNS-onderneming"** 'n onderneming of besigheid wat voortdurend of gereeld deur 'n persoon in Botswana, Lesotho, Namibië of Swaziland bedryf word in die loop of ter bevordering waarvan goed of dienste aan 'n ander persoon teen 'n vergoeding gelewer word;

**"BTW-terugbetalingsadministrateur"** die instansie wat deur die Kommissaris aangestel is om die terugbetaling van belasting ingevolge die bepalings van paragrawe 2 en 3 van hierdie skema te administreer;

**"die Wet"** die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991);

**"registreerbare goed"** goed wat bestaan uit enige lugvaartuig, skip of ander vaartuig, motorfiets of ander voertuig, karavaan of sleepwa waarvoor enige vorm van registrasie vereis word ingevolge enige wet van krag in die Republiek asook enige soortgelyke wet wat in 'n uitvoerland van krag is;

**"RSA"** die Republiek;

**"RSA-ondernemer"** 'n persoon geregistreer ingevolge die Wet en wat magtiging van die Kommissaris ontvang het om aan hierdie uitvoeraansporingskema deel te neem;

**"standaardkoers van belasting"** belasting gehef ingevolge artikel 7 (1) van die Wet; en

**"TBVC-state"** Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei.

**INLEIDING**

Ingevolge paragraaf (d) van die woordomskrywing van "uitgevoer" in artikel 1 van die Wet is roerende goed, gelewer aan 'n persoon ingevolge 'n verkoop of 'n paaiementkredietooreenkoms, uitgevoer wanneer dit deur die ontvanger uit die Republiek weggeneem word vir vervoer na 'n uitvoerland, indien—

(i) die ontvanger gewoonlik in bedoelde land woonagtig is of aldaar besigheid dryf;

(ii) bedoelde goed uit die Republiek weggeneem word op 'n wyse voorgeskryf ingevolge 'n uitvoeraansporingskema goedgekeur deur die Minister;

(iii) die ondernemer deur die Kommissaris gemagtig is om aan bedoelde skema deel te neem;

(iv) die goed van 'n soort is waarop bedoelde skema van toepassing is; en

(v) enige voorwaardes ingevolge bedoelde skema voorgeskryf, nagekom is.

**"BLNS enterprise"** means an enterprise or business which is carried on continuously or regularly by any person in Botswana, Lesotho, Namibia or Swaziland in the course or furtherance of which goods and services are supplied to any other person for a consideration;

**"registrable goods"** means goods consisting of any aircraft, ship or other vessel, motor cycle or other vehicle, caravan or trailer in respect of which any form of registration is required under any law in force in the Republic as well as any law in force in Botswana, Lesotho, Namibia or Swaziland as the case may be;

**"RSA"** means the Republic;

**"RSA vendor"** means a person registered in terms of the Act and who has been authorised by the Commissioner to participate in this export incentive scheme;

**"standard rate of tax"** means tax levied in terms of section 7 (1) of the Act;

**"tax"** means value-added tax;

**"TBVC States"** means Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei;

**"the Act"** means the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991); and

**"VAT Refund Administrator"** means the organization appointed by the Commissioner to administer the refund of tax in terms of the provisions of this scheme.

**INTRODUCTION**

In terms of paragraph (d) of the definition of "exported" in section 1 of the Act, movable goods supplied to a person under a sale or instalment credit agreement are exported when removed from the Republic by the recipient for conveyance to an export country, if—

(i) the recipient is ordinarily resident or carries on business in such country;

(ii) the removal of such goods from the Republic is effected in a manner prescribed in terms of an export incentive scheme approved by the Minister;

(iii) the vendor has been authorised by the Commissioner to participate in such scheme;

(iv) the goods are of a kind to which such scheme applies; and

(v) any conditions prescribed under such scheme have been complied with.

Archived

1. PROSEDURES VIR DIE TERUGBETALING VAN BELASTING AAN SEKERE PERSONE WAT IN BLNS-LANDE WOONAGTIG IS OF ALDAAR BESIGHEID DRYF OF OM GOED TEEN DIE NULKOERS VAN BELASTING AAN HULLE TE LEWER

1.1 **Algemeen**

In die geval van uitvoere na BLNS-lande behels die uitvoeraansporingskema ingevolge subparagraaf (ii) van die Inleiding hierbo die volgende:

1.1.1 'n Lewering van goed deur 'n RSA-ondernemer kan teen die nulkoers belas word soos beoog in paragraaf 1.2 of teen die standaardkoers, in welke geval 'n terugbetaling van die belasting gemaak kan word of 'n krediet toegestaan kan word, soos beoog in paragraaf 1.3.

1.1.2 Die prosedures sal, onderhewig aan paragraaf 1.4, slegs op BLNS-ondernemings van toepassing wees wat goed van RSA-ondernemers koop. Die verteenwoordiger van 'n BLNS-onderneming moet bewyse beskikbaar hê in die vorm van 'n afskrif van die handelslisensie of 'n besigheidsbriefhoof of bestelvorm, dat die aankoop vir daardie onderneming is, welke bewyse deur die RSA-ondernemer behou moet word.

1.1.3 Die besluit om teen die nulkoers te lewer (soos uiteengesit in paragraaf 1.2) of om teen die standaardkoers te lewer (soos uiteengesit in paragraaf 1.3), is geheel en al onderhewig aan die keuse en risiko van die RSA-ondernemer, met inagneming van sy verwagting van die moontlikheid dat die BLNS-onderneming sy verpligtinge betyds sal nakom.

1.2 **Lewering van goed teen die nulkoers**

1.2.1 'n RSA-ondernemer kan ingevolge artikel 11 (1) (a) van die Wet goed aan 'n BLNS-onderneming teen die nulkoers lewer op voorwaarde dat—

1.2.1.1 die RSA-ondernemer Deel A van vorm BTW 251 (wat deur die koper onderteken moet word) voltooi en 'n oorspronklike belastingfaktuur, soos in artikel 20 (4) van die Wet voorgeskryf (die belasting word teen 'n koers van nul persent gehef) tesame met 'n afskrif van die belastingfaktuur, uitreik. Beide belastingfakture moet aan die verteenwoordiger van die BLNS-onderneming oorhandig word. Die vorm BTW 251 moet deur die RSA-ondernemer vir kontroledoeleindes behou word;

1.2.1.2 die BLNS-onderneming toesien dat die goed binne **een maand** vanaf die datum van die belastingfaktuur uit die Republiek weggeneem word. By vertrek uit die Republiek moet 'n ingevulde vorm CCA 1 of die oorspronklike

1. PROCEDURES FOR THE REFUND OF TAX TO CERTAIN PERSONS RESIDENT OR CONDUCTING BUSINESS IN BLNS COUNTRIES OR TO SUPPLY GOODS TO THEM AT THE RATE OF ZERO PER CENT

1.1 **General**

In the case of exports to BLNS countries, the export incentive scheme in terms of subparagraph (ii) of the introduction above, consists of the following:

1.1.1 A supply of goods by a RSA vendor may either be taxed at the zero rate of tax as contemplated in paragraph 1.2 or at the standard rate of tax in which case a refund of the tax can be made or a credit can be passed, as contemplated in paragraph 1.3.

1.1.2 The procedures shall, subject to paragraph 1.4, apply only to BLNS enterprises which purchase goods from RSA vendors. The representative of a BLNS enterprise must have available appropriate evidence that the purchase is for that enterprise in the form of a copy of a trading licence or a business letterhead or order form, which shall be retained by the RSA vendor.

1.1.3 The decision whether to supply at the zero rate of tax (as set out in paragraph 1.2) or to supply at the standard rate of tax (as set out in paragraph 1.3), is entirely at the discretion and risk of the RSA vendor, having regard to his expectation of the likelihood that the BLNS enterprise will perform its obligations timeously.

1.2 **Supply of goods at the zero rate**

1.2.1 A RSA vendor may supply goods to a BLNS enterprise at the zero rate of tax in terms of section 11 (1) (a) of the Act provided that—

1.2.1.1 the RSA vendor completes Section A of form VAT 251 (which must be signed by the buyer) and must issue an original tax invoice as prescribed in section 20 (4) of the Act (tax has been charged at the rate of zero per cent) together with a copy tax invoice. Both invoices shall be handed to the representative of the BLNS enterprise. The form VAT 251 shall be retained by the RSA vendor for control purposes;

1.2.1.2 the BLNS enterprise must ensure that the goods are removed from the Republic within **one month** of the date of the tax invoice. On departure from the Republic a completed form CCA 1 or the original tax invoice in respect of

Archived

belastingfaktuur, met betrekking tot die goed ter sprake, deur die RSA Doeane en Aksyns of die RSA Polisie, wat die geval ook al mag wees, gestempel word. Hierdie vorm CCA 1 of die belastingfaktuur wat deur een van die bogemelde owerhede gestempel is, moet deur die BLNS-ondernemer aan die RSA-ondernemer terugbesorg word. Waar dit nie moontlik is nie, moet die alternatiewe bewyse van uitvoer deur die RSA-ondernemer verkry word (Sien paragraaf 1.6.3 hieronder);

1.2.1.3 by ontvangs van die vorm CCA 1 of die belastingfaktuur, soos beoog in paragraaf 1.2.1.2, die RSA-ondernemer dit aan die betrokke vorm BTW 251 vasheg en vir kontroledoeleindes behou.

1.2.2 Waar die dokumente, beoog in paragraaf 1.2.1.2, nie teen die laaste dag van die belastingtydperk, wat eindig na die verstryking van 'n periode van **twee maande** bereken vanaf die datum van die betrokke belastingfaktuur, ontvang is nie, moet die RSA-ondernemer uitsetbelasting bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding, soos aangetoon op die betrokke vorm BTW 251, toe te pas en moet hy die bedrag uitsetbelasting wat so bereken is by Blok 12 van die opgawe vir betaling (vorm BTW 201) insluit, wat ingedien word vir die belastingtydperk waarin die genoemde tydperk van twee maande eindig. Deel B van die betrokke vorm BTW 251 moet dan ook voltooi word.

1.2.3 Waar die dokumente, ten opsigte waarvan uitsetbelasting ingevolge paragraaf 1.2.2 bereken is, wel later deur die RSA-ondernemer, binne **een jaar** vanaf die datum van die transaksie ontvang word, kan die bedrag wat voorheen by Blok 12 van die vorm BTW 201 ingesluit is as 'n insetbelastingkrediet by Blok 18 van die vorm BTW 201 geëis word vir die belastingtydperk waarin die dokumente ontvang is. Deel B van die vorm BTW 251 moet dan ook voltooi word.

1.2.4 Die belastingkoers vir doeleindes van paragrawe 1.2.2 en 1.2.3 is die koers wat van toepassing is op die datum waarop die belastingfaktuur uitgereik is.

**1.3 Lewering van goed teen die standaardkoers**

1.3.1 In die geval waar 'n nulkoers, soos uiteengesit in paragraaf 1.2, nie deur die RSA-ondernemer gekies word nie, moet hy die goed teen die standaardkoers lewer. Die RSA-ondernemer moet Deel A van die vorm BTW 251 (wat deur die koper onderteken moet word) voltooi en 'n oorspronklike belastingfaktuur, soos in artikel 20 (4) van die Wet voorgeskryf,

the goods concerned, must be stamped by the RSA Customs and Excise or the RSA Police, as the case may be. The form CCA 1 or the tax invoice, having been stamped by the abovementioned authorities must be returned to the RSA vendor by the BLNS vendor. Where this is not possible, the RSA vendor must obtain alternative proof of export. (See paragraph 1.6.3 below);

1.2.1.3 on receipt of the form CCA 1 or the tax invoice, as contemplated in paragraph 1.2.1.2, the RSA vendor shall annex this document to the relevant form VAT 251 and retain it for control purposes.

1.2.2 In the event of the documentation, referred to in paragraph 1.2.1.2, not having been received by the RSA vendor by the last day of the tax period which ends after the expiry of a period of **two months** reckoned from the date of the relevant tax incoice, the RSA vendor shall calculate output tax by applying the tax fraction to the consideration reflected on the applicable form VAT 251, and shall include the amount of output tax so calculated in Block 12 of the return for remittance (form VAT 201) rendered for the tax period in which the said period of two months ends. Part B of the relevant form VAT 251 must then also be completed.

1.2.3 In the event of the documentation in respect of which output tax was calculated in terms of paragraph 1.2.2, subsequently being received by the RSA vendor within **one year** from the date of the transaction, the amount previously included in Block 12 of form VAT 201, may be claimed as an input tax credit in Block 18 of the form VAT 201, for the tax period in which this documentation is received. Part B of the relevant form VAT 251 must then also be completed.

1.2.4 The rate of tax applicable for purposes of paragraphs 1.2.2 and 1.2.3 shall be the rate of tax in force at the date of issue of the tax invoice.

**1.3 Supply of goods at the standard rate**

1.3.1 In the event of zero-rating as set out in paragraph 1.2 not being elected by the RSA vendor, he shall supply the goods at the standard rate. The RSA vendor shall complete Part A of form VAT 251 (which must be signed by the buyer) and he must issue an original tax

Archived

tesame met 'n afskrif van die belastingfaktuur, uitreik. Beide belastingfakture moet aan die verteenwoordiger van die BLNS-onderneming oorhandig word. Die vorm BTW 251 moet deur die RSA-ondernemer vir kontroledoeleindes behou word.

1.3.2 Die lewering moet deur die RSA-ondernemer by Blok 1 van sy opgawe vir betaling (vorm BTW 201) ingesluit word vir die belastingtydperk waarin die lewering plaasvind.

1.3.3 Die BLNS-onderneming moet toesien dat die goed binne **een maand** vanaf die datum van die belastingfaktuur uit die Republiek weggeneem word. By vertrek uit die Republiek moet 'n ingevulde vorm CCA 1 of die oorspronklike belastingfaktuur, met betrekking tot die goed ter sprake, deur die RSA Doeane en Aksyns of die RSA Polisie, wat die geval ook al mag wees, gestempel word. Hierdie vorm CCA 1 of belastingfaktuur wat deur een van die bogemelde owerhede gestempel is, moet deur die BLNS-ondernemer aan die RSA-ondernemer terugbesorg word. Waar dit nie moontlik is nie, moet die alternatiewe bewyse van uitvoer deur die RSA-ondernemer verkry word. (Sien paragraaf 1.6.3 hieronder.)

1.3.4 By ontvangs van die vorm CCA 1 of die belastingfaktuur, soos beoog in paragraaf 1.3.3, moet die RSA-ondernemer binne **een maand** vanaf ontvangs daarvan, 'n terugbetaling genereer of 'n krediet aan die BLNS-onderneming toestaan, van die betrokke belasting, op so 'n wyse as wat vir beide partye aanneemlik is. Die RSA-ondernemer moet die vorm CCA 1 of die belastingfaktuur, na gelang van die geval, vasheg aan die betrokke vorm BTW 251 en vir kontroledoeleindes behou.

1.3.5 Die bedrag terugbetaal of gekrediteer moet deur die RSA-ondernemer ingesluit word by Blok 18 van sy opgawe vir betaling (vorm BTW 201) vir die belastingtydperk waarin die terugbetaling of kredietverrekening plaasvind. Deel C van die betrokke vorm BTW 251 moet dan ook voltooi word.

1.3.6 Indien die dokumente, soos beoog in paragraaf 1.3.3, nie binne **een jaar** vanaf die datum van die belastingfaktuur deur die RSA-ondernemer ontvang is nie, sal geen terugbetaling gedoen word of krediet toegestaan word nie.

1.4 **Registreerbare goed**

Waar die goed wat deur die RSA-ondernemer gelewer word uit registreerbare goed bestaan, is hierdie skema van toepassing op BLNS-ondernemings sowel as enige persoon (wat 'n natuurlike of 'n regspersoon is) wat gewoonlik in die BLNS-land woonagtig is of aldaar besigheid dryf.

invoice as prescribed in section 20 (4) of the Act, together with a copy tax invoice. Both invoices shall be handed to the representative of the BLNS enterprise. The form VAT 251 must be retained by the RSA vendor for control purposes.

1.3.2 The supply shall be included by the RSA vendor in Block 1 of the return for remittance (form VAT 201) for the tax period in which the supply takes place.

1.3.3 The BLNS enterprise must ensure that the goods are removed from the Republic within **one month** of the date of the tax invoice. On departure from the Republic the form CCA 1 or the original tax invoice in respect of the goods concerned must be stamped by the RSA Customs and Excise or the RSA Police, as the case may be. This form CCA 1 or tax invoice having been stamped by one of the abovementioned authorities, must be returned to the RSA vendor by the BLNS vendor. Where this is not possible alternative proof of export must be obtained by the RSA vendor. (See paragraph 1.6.3 below.)

1.3.4 When the form CCA 1 or the tax invoice, as contemplated in paragraph 1.3.3, is received by the RSA vendor, he will, within **one month** of receipt thereof, generate a refund or grant a credit to the BLNS enterprise of the relevant tax, in such manner as shall be mutually acceptable to both parties. The RSA vendor must annex this form CCA 1 or the tax invoice, as the case may be, to the relevant form VAT 251 and retain it for control purposes.

1.3.5 The amount refunded or credited shall be included by the RSA vendor in Block 18 of the return for remittance (form VAT 201) for the tax period in which the refund takes place or the credit is passed. Part C of the relevant form VAT 251 must then also be completed.

1.3.6 If the documents, as contemplated in paragraph 1.3.3, are not received by the RSA vendor within **one year** from the date of the tax invoice, no refund shall be made or credit passed.

1.4 **Registrable goods**

Where the goods supplied by the RSA vendor consist of registrable goods, this scheme is applicable to BLNS enterprises as well as to any person (being a natural or juristic person) who is ordinarily resident or carrying on a business in a BLNS country.

Archived

Die toepassing van die nulkoers, 'n terugbetaling of 'n kredietverrekening, wat die geval ook al mag wees, is afhanklik van die lewering van bewys van registrasie van die goed deur die BLNS-onderneming of persoon in die betrokke BLNS-land, in die vorm van 'n afskrif van die registrasiesertifikaat behoorlik gesertifiseer deur 'n kommissaris van ede.

So 'n afskrif van die registrasiesertifikaat moet aan die RSA-ondernemer teruggestuur word tesame met die belastingfaktuur of vorm CCA 1 soos beoog in paragrawe 1.2.1.2 en 1.3.3 en in hierdie geval sal 'n periode van **drie maande,** in plaas van twee maande, toegelaat word vir doeleindes van paragraaf 1.2.2.

1.5 **Deelname**

Elke RSA-ondernemer besluit self of hy aan hierdie deel van die uitvoeraansporingskema wil deelneem. Aansoek om deelname kan gedoen word op vorm BTW 252, waarop die Kommissaris die ondernemer magtiging verleen om aan die skema deel te neem.

1.6 **Alternatiewe bewyse van uitvoer**

Ten einde goed teen die nulkoers te kan lewer of 'n terugbetaling van BTW te kan maak, moet die RSA-ondernemer een van die volgende dokumente bekom:

1.6.1 'n Afskrif van die vorm CCA 1 ten opsigte van die goed wat uit die RSA weggeneem is, welke vorm deur die RSA Doeane en Aksyns of die RSA Polisie, na gelang van die geval, by die grenspos gestempel moet wees.

1.6.2 'n Belastingfaktuur ten opsigte van die betrokke goed wat deur een van die bovermelde owerhede gestempel is in gevalle waar die RSA-ondernemer, as gevolg van spesifieke omstandighede, nie in besit van 'n gestempelde vorm CCA 1 kan kom nie.

1.6.3 In gevalle waar die goed aan 'n vervoerkontrakteur gelewer word, moet die vervoerkontrakteur ontvangs van die goed erken op 'n afskrif van die RSA-ondernemer se belastingfaktuur ten opsigte van die betrokke goed. By aflewering van die betrokke goed in 'n BLNS-land moet die ontvanger ontvangs van die goed erken op 'n ontvangsbewys wat deur die vervoerkontrakteur uitgereik is. Hierdie getekende ontvangsbewys moet deur die vervoerkontrakteur aan die RSA-ondernemer gestuur word. In so 'n geval sal die afskrif van die belastingfaktuur, waarop ontvangs van die goed deur die vervoerkontrakteur erken is, tesame met die ontvangsbewys deur die RSA-ondernemer behou word, wat as bewys sal dien dat die goed wel uitgevoer is.

The application of the zero rate, refund or credit, as the case may be, is dependant upon the BLNS enterprise or person returning proof of registration in the BLNS country concerned, in the form of a copy of the registration certificate duly certified by a commissioner of oaths.

Such a copy of the registration certificate must be returned to the RSA vendor together with the tax invoice or form CCA 1 as contemplated in paragraphs 1.2.1.2 and 1.3.3 and in this instance a period of **three months,** in stead of two months, shall be allowed for the purpose of paragraph 1.2.2.

1.5 **Participation**

Each RSA vendor must decide whether he wishes to participate in this part of the export incentive scheme. Application to participate must be made on form VAT 252, whereupon the vendor will be authorised by the Commissioner to participate in the scheme.

1.6 **Alternative proof of export**

The RSA vendor must obtain one of the following documents in order to supply goods at the zero rate or to make a VAT refund:

1.6.1 A copy of the form CCA 1 with regard to the goods removed from the RSA, which must be stamped by the RSA Customs and Excise or the RSA Police, as the case may be, at the border post.

1.6.2 A tax invoice in respect of the relevant goods, which has been stamped by one of the abovementioned authorities, in the case where the RSA vendor is, as a result of specific circumstances, unable to obtain a stamped form CCA 1.

1.6.3 In cases where the goods are delivered to a transport contractor, the transport contractor must acknowledge receipt of the goods on a copy of the RSA vendor's tax invoice with regard to the relevant goods. On delivery of the goods to a BLNS country the receiver must acknowledge receipt of the goods on a goods received note issued by the transport contractor. The transport contractor must send this signed note to the RSA vendor. In this case the copy of the tax invoice, whereon receipt of goods was acknowledged by the transport contractor, together with the goods received note, must be kept by the RSA vendor to serve as proof that the goods were indeed exported.

Archived

## 2. PROSEDURES VIR DIE TERUGBETALING VAN BELASTING AAN SEKERE PERSONE WAT IN UITVOERLANDE, BEHALWE BLNS-LANDE, WOONAGTIG IS OF ALDAAR BESIGHEID DRYF

### 2.1 Algemeen

Hierdie deel van die uitvoeraansporingskema is slegs op houers van paspoorte uitgereik in lande behalwe die RSA, TBVC-state en BLNS-lande van toepassing. Waar 'n persoon met 'n RSA-, TBVC- of BLNS-paspoort 'n besigheid buite die Gemeenskapklike Monetêre Gebied en Botswana bedryf met magtiging van 'n handelsbank dat bedoelde persoon 'n besigheid of 'n belang in 'n besigheid buite die RSA, TBVC- en BLNS-lande mag besit, sal die skema ook vir bedoelde persoon geld.

Die bovermelde persone word hierin na verwys as "kwalifiserende kopers".

### 2.2 Die verpligtinge van die RSA-ondernemer

2.2.1. Belasting teen die standaardkoers moet deur die deelnemende RSA-ondernemer (sien paragraaf 2.7) gehef word op goed wat aan 'n kwalifiserende koper gelewer word. Sodanige belasting moet op die gewone wyse deur die RSA-ondernemer in berekening gebring word.

2.2.2. Die RSA-ondernemer moet 'n oorspronklike belastingfaktuur kragtens artikel 20 (4) van die Wet aan die kwalifiserende koper uitreik. Die RSA-ondernemer stel die koper in kennis dat die belasting slegs teruggeëis kan word deur die voorlegging van die oorspronklike belastingfaktuur tesame met die betrokke goed, aan die BTW-terugbetalingsadministrateur.

2.2.3 Die RSA-ondernemer moet verseker dat die kwalifiserende koper in besit is van 'n vorm BTW 255. Indien nie, moet die RSA-ondernemer so 'n vorm aan die koper verskaf. Hierdie vorm bevat 'n verklaring deur die koper dat die goed buite die RSA gebruik of verbruik sal word, en waar die koper die goed verkry het namens 'n besigheid wat buite die RSA, BLNS-lande en TBVC-state bedryf word, dat sodanige goed in daardie besigheid gebruik sal word. Waar nodig, kan die RSA-ondernemer die kwalifiserende koper met die invul van die vorm BTW 255 bystaan.

2.2.4 Die RSA-ondernemer het geen verdere verpligtinge ten opsigte van 'n terugbetaling of verdere administrasie van die skema nie.

### 2.3 Verpligtinge van die kwalifiserende koper

2.3.1 By vertrek vanaf 'n vertrekpunt vanuit die RSA moet die kwalifiserende koper die goed wat uitgevoer word en die voltooide vorm BTW 255, waaraan die betrokke oorspronklike belastingfakture geheg is, byderhand hou.

## 2. PROCEDURES FOR THE GRANTING OF REFUNDS OF TAX TO CERTAIN PERSONS RESIDENT OR CONDUCTING A BUSINESS IN EXPORT COUNTRIES, EXCLUDING BLNS COUNTRIES.

### 2.1 General

This part of the scheme applies to holders of passports issued in countries other than the RSA, TBVC states and BLNS countries. The scheme will also apply where a person with a RSA, TBVC or BLNS passport carries on business outside the Common Monetary Area and Botswana with commercial bank authority which entitles the exporter to own or have an interest in an enterprise situated outside the RSA, TBVC and BLNS countries.

The above-mentioned persons are regarded as "qualifying purchasers".

### 2.2 RSA vendors' responsibilities

2.2.1 A participating RSA vendor (see paragraph 2.7) must supply goods to a qualifying purchaser, charging tax at the standard rate. Such tax will be accounted for in the usual way by the RSA vendor.

2.2.2 The RSA vendor must issue an original tax invoice in terms of section 20 (4) of the Act to the qualifying purchaser and advise the purchaser that the tax can only be claimed back by submission of the original tax invoice together with presentation of the relevant goods to the VAT Refund Administrator.

2.2.3 The RSA vendor must ensure that the qualifying purchaser is in possession of a form VAT 255. If not, the RSA vendor must issue the purchaser with such form. This form contains a declaration by the purchaser that the goods are to be used or consumed outside the RSA and, where the purchaser has acquired the goods on behalf of a business carried on outside the RSA, BLNS countries and TBVC states, that such goods are to be used in that business. Where necessary the RSA vendor may asisst the qualifying purchaser to complete form VAT 255.

2.2.4 The RSA vendor has no further responsibility for either refund or further administration of the scheme.

### 2.3 Responsibilities of the qualifying purchaser

2.3.1 On departure from a designated point of departure from the RSA, the qualifying purchaser must have the goods and the completed form VAT 255 to which the original tax invoices have been attached, readily available.

Archived

2.3.2 Om vir 'n terugbetaling van BTW in aanmerking te kom, moet die kwalifiserende koper homself by die BTW-terugbetalingsadministrateur of 'n aangestelde RSA Doeane en Aksyns-beampte, na gelang van die geval, aanmeld, met die items in paragraaf 2.3.1 hierbo genoem. Die BTW-terugbetalingsadministrateur of aangestelde RSA Doeane en Aksyns-beampte is ná immigrasiebeheer beskikbaar en die goed en dokumente moet derhalwe as deel van handbagasie gehou word en nie in hoofbagasie gelaat word nie. Indien die goed egter te groot is om as deel van handbagasie gehou te word en wel as deel van die hoofbagasie vervoer moet word, moet die kwalifiserende koper toesien dat die belastingfaktuur ten opsigte van die betrokke goed deur die RSA Doeane en Aksyns-beampte gestempel word wanneer die goed as deel van die hoofbagasie opgeneem word. Hierdie gestempelde belastingfaktuur moet dan aan die BTW-terugbetalingsadministrateur voorgelê word vir 'n terugbetaling.

2.3.3 Die BTW-terugbetalingsadministrateur of 'n aangestelde RSA Doeane en Aksyns-beampte, na gelang van die geval, moet die goed ondersoek om te verseker dat dit ooreenstem met die beskrywing daarvan op die oorspronklike belastingfaktuur. Elke oorspronklike belastingfaktuur en vorm BTW 255 moet deur die bedoelde beampte of terugbetalingsadministrateur gestempel en deur hom behou word.

2.3.4 Die BTW-terugbetalingsadministrateur sal 'n bewysstuk uitreik wat 'n opsomming van die belastingbesonderhede bevat en die verwagte bedrag van die terugbetaling aantoon. Hierdie bewysstuk moet deur die kwalifiserende koper onderteken word as bevestiging van die korrektheid van die inligting daarin vervat. 'n Afskrif van hierdie bewysstuk moet aan die kwalifiserende koper oorhandig word as bewys dat hy/sy aan die vereistes van die skema voldoen het.

2.3.5 Waar óf die goed óf die oorspronklike belastingfaktuur nie beskikbaar is nie, sal die belasting op die betrokke goed nie terugbetaal word nie.

2.3.6 'n Kwalifiserende koper sal slegs vir 'n terugbetaling in aamerking kom indien die totaal van al die aankope kragtens die skema 'n belasting-inklusiewe waarde van R250 per kwalifiserende koper oorskry.

2.3.7 Geen terugbetaling sal gedoen word nie indien die kwalifiserende koper die goed na 12 maande na die datum van die betrokke oorspronklike belastingfaktuur uitvoer.

2.3.2 In order to qualify for a VAT refund the qualifying purchaser must present himself to the VAT Refund Administrator or an appointed RSA Customs and Excise Official, as the case may be, together with the items mentioned in paragraph 2.3.1 above. The VAT Refund Administrator or appointed RSA Customs and Excise Official will be situated after immigration control and therefore, the goods and documentation should be kept as part of the hand-luggage and not in the main luggage. However, if the goods are too large to be kept as hand-luggage and are transported as part of the main luggage, the qualifying purchaser must ensure that the tax invoice in respect of the relevant goods is stamped by the RSA Customs and Excise Official when the goods are taken into the main luggage. This stamped tax invoice must then be presented to the VAT Refund Administrator for a refund.

2.3.3 The VAT Refund Administrator or an appointed RSA Customs and Excise Official, as the case may be, will examine the goods to ensure they are those described on the original tax invoice. Each original tax invoice and form VAT 255 will be stamped and retained by the appointed official or refund administrator.

2.3.4 The VAT Refund Administrator will issue a voucher summarising the tax details and stating the expected amount refundable. This voucher must be signed by the qualifying purchaser as confirmation of the correctness of the voucher details. A copy of this voucher will be issued to the qualifying purchaser as proof that he has complied with the terms of the scheme.

2.3.5 Where either the goods or the tax invoice are unavailable, the tax applicable to such goods will not be refunded.

2.3.6 In order for a qualifying purchaser to be entitled to a tax refund, the aggregate total of all purchases in terms of this scheme must exceed a tax-inclusive value of R250 per qualifying purchaser.

2.3.7 No tax refund will be made where the qualifying purchaser exports the goods in terms of the scheme later than 12 months after the date of the original tax invoice.

Archived

**2.4 Die terugbetalingsmeganisme**

Die terugbetaling kan by wyse van 'n terugbetaling per pos of 'n direkte terugbetaling gedoen word.

***2.4.1 Terugbetaling per pos***

Die BTW-terugbetalingsadministrateur sal 'n BTW-terugbetalingstjek uitreik vir die bedrag aangetoon op die bewysstuk (sien paragraaf 2.3.4) wat 'n opsomming van al die aankope deur die kwalifiserende koper bevat. Die tjek sal na die adres soos op die bewysstuk verstrek, gestuur word. Om praktiese redes sal dit van die kwalifiserende koper verwag word om die koevert wat aan hom/haar gegee word, te adresseer. Die tjek sal dan in die betrokke koevert geplaas word om te verseker dat dit na die korrekte adres gepos word.

Die BTW-terugbetalingstjek wat in RSA-valuta uitgereik word, sal met die uitsondering van die Gemeenskaplike Monetêre Gebied en Botswana, wêreldwyd geldig wees vir 'n periode van drie maande vanaf datum van uitreiking.

***2.4.2 Direkte terugbetaling***

Die BTW-terugbetalingsadministrateur sal 'n BTW-terugbetalingstjek aan die kwalifiserende koper by sy vertrek uitreik. Die kwalifiserende koper het die keuse om die tjek dadelik te wissel by 'n aangestelde handelsbank wat ná immigrasiebeheer geleë is of om die BTW-terugbetalingstjek te behou en dit in sy/haar bankrekening in sy/haar land van verblyf te deponeer. Die direkte terugbetalingstelsel is slegs van toepassing waar die waarde van die belastingterugbetaling nie R3 000 per kwalifiserende koper oorskry nie.

Die direkte terugbetalingsfasiliteit is slegs by Jan Smuts-, D. F. Malan- en Louis Botha-lughawens en Beitbrug-grenspos beskikbaar. Waar die direkte terugbetalingstelsel nie beskikbaar is nie, sal belastingterugbetalings per pos gedoen word.

**2.5 Kommissie ten opsigte van belastingterugbetalings**

2.5.1 Die BTW-terugbetalingsadministrateur sal 'n bedrag as kommissie aftrek van die belasting wat terugbetaalbaar is om die administratiewe koste van die skema te dek. Die kommissie word bereken teen 'n koers wat deur die Kommissaris, na oorleg met die BTW-terugbetalingsadministrateur, goedgekeur is met 'n minimum van R10 en 'n maksimum van R85 per terugbetaling.

**2.4 The refund machanism**

The refund can be affected by either a postal refund or a direct refund.

***2.4.1 The postal refund***

The VAT Refund Administrator will issue a VAT refund cheque for the refundable amount reflected on the voucher (see paragraph 2.3.4) summarising the purchases of the qualifying purchaser. The cheque will be forwarded by mail to the address given on the summary voucher. For practical purposes the qualifying purchaser will be required to address the envelope given to him which will be used to mail the cheque to ensure that it will be posted to the correct address.

The VAT refund cheque will be issued in RSA currency and will be valid worldwide with the exception of the Common Monetary Area and Botswana for a period of three months from date of issue.

***2.4.2 The direct refund***

The VAT Refund Administrator will issue the qualifying purchaser with a VAT refund cheque on departure. The qualifying purchaser has the option to either cash the cheque immediately at an appointed commercial bank situated after immigration control or to retain the VAT refund cheque and deposit it in his bank account in his country of residence. The direct refund system is only applicable where the value of the tax refund does not exceed R3 000 per qualifying purchaser.

The direct refund facility will only be available at Jan Smuts, D. F. Malan and Louis Botha Airports and Beit Bridge border post. Where the direct refund system is unavailable, tax refunds will be made by means of the postal refund system.

**2.5 Commission in respect of tax refund**

2.5.1 The VAT Refund Administrator will deduct a commission from the tax refundable to the qualifying purchaser to cover the administration costs of the scheme. The commission will be calculated at a rate which the Commissioner, after consultation with the VAT Refund Administrator, has approved with a minimum charge of R10 and a maximum charge of R85 per refund.

Archived

2.6 **Registreerbare goed**

Waar goed wat deur 'n deelnemende RSA-ondernemer aan 'n kwalifiserende koper gelewer word uit registreerbare goed bestaan, kan die ondernemer ingevolge artikel 11 (1) (a) van die Wet die goed teen die nulkoers lewer. Die besluit om die registreerbare goed teen die nulkoers te lewer, is geheel en al onderhewig aan die keuse en risiko van die deelnemende RSA-ondernemer, met inagneming van sy verwagting van die moontlikheid dat die kwalifiserende koper sy verpligtinge betyds sal nakom. Waar die RSA-ondernemer die keuse uitoefen om die betrokke goed teen die nulkoers te lewer, moet die RSA-ondernemer en die kwalifiserende koper die volgende verpligtinge nakom:

2.6.1 Die RSA-ondernemer voltooi 'n vorm BTW 251 en reik 'n oorspronklike belastingfaktuur, soos in artikel 20 (4) van die Wet voorgeskryf (waarop aangedui is dat belasting teen die nulkoers gehef is) tesame met 'n afskrif van die faktuur, uit. Beide fakture moet aan die kwalifiserende koper oorhandig word, terwyl die vorm BTW 251 deur die RSA-ondernemer vir kontroledoeleindes behou word.

2.6.2 Die kwalifiserende koper moet toesien dat die goed binne **een maand** vanaf die datum van die belastingfaktuur uit die Republiek weggeneem word. By vertrek uit die Republiek moet die oorspronklike belastingfaktuur, tesame met die RSA Doeane-uitvoerdokumente [klaringsbrief/uitvoer (DA 550)] ten opsigte van die betrokke goed, deur die RSA Doeane en Aksyns gestempel word.

Die bovermelde dokumente wat deur die RSA Doeane en Aksyns gestempel is, moet deur die kwalifiserende koper aan die RSA-ondernemer teruggestuur word, tesame met 'n bewys van registrasie van die goed in die betrokke uitvoerland, in die vorm van 'n afskrif van die registrasiesertifikaat behoorlik gesertifiseer deur 'n kommissaris van ede.

2.6.3 By ontvangs deur die RSA-ondernemer van die dokumente, soos beoog in paragraaf 2.6.2, moet hy die dokumente aan die betrokke vorm BTW 251 vasheg en dit vir kontroledoeleindes behou.

2.6.4 Waar die dokumente, soos beoog in paragraaf 2.6.2 nie teen die laaste dag van die belastingtydperk, wat eindig na die verstryking van 'n periode van **drie maande** bereken vanaf die datum van die betrokke belastingfaktuur, ontvang is nie, moet die RSA-ondernemer uitsetbelasting bereken deur die belastingbreukdeel op die vergoeding soos aangetoon op die betrokke vorm BTW 251 toe te pas. Die bedrag uitsetbelasting, aldus bereken, moet by Blok 12 van die opgawe vir betaling (vorm BTW 201) ingesluit word vir die belastingtydperk waarin die bedoelde tydperk van drie maande eindig. Deel B van die betrokke vorm BTW 251 moet dan ook voltooi word.

2.6 **Registrable goods**

Where the goods supplied by a participating RSA vendor to a qualifying purchaser consist of registrable goods, the RSA vendor may supply the goods at the zero rate in terms of section 11 (1) (a) of the Act. The decision to supply registrable goods at the zero rate is entirely at the discrection and risk of the participating RSA vendor, having regard to his expectation of the likelihood that the qualifying purchaser will perform his obligations timeously. Where the RSA vendor decides to supply the goods at the zero rate, he and the qualifying purchaser have the following obligations:

2.6.1 The RSA vendor will complete a form VAT 251 and issue an original tax invoice as contemplated in section 20 (4) of the Act (noting that tax has been charged at the rate of zero per cent) together with a copy invoice. Both invoices shall be handed to the qualifying purchaser, while the form VAT 251 must be retained by the RSA vendor for control purposes.

2.6.2 The qualifying purchaser must ensure that the goods are removed from the Republic within **one month** of the date of the tax invoice. On departure from the Republic the original tax invoice together with the RSA Customs export documentation [bill of entry/export (DA 550)] in respect of the goods concerned, must be stamped by the RSA Customs and Excise Official.

The above-mentioned documentation having been stamped by the RSA Customs and Excise Official must be returned by the qualifying purchaser to the RSA vendor, together with proof of registration in the export country concerned, in the form of a copy of the registration certificate duly certified by a commissioner of oaths.

2.6.3 On receipt of the documentation contemplated in paragraph 2.6.2 by the RSA vendor, he must annex these documents to the relevant form VAT 251 and retain it for control purposes.

2.6.4 In the event of the documentation referred to in paragraph 2.6.2 not having been received by the RSA vendor by the last day of the tax period which ends after the expiry of a period of **three months** reckoned from the date of the relevant tax invoice, the RSA vendor shall calculate output tax by applying the tax fraction to the consideration reflected on the applicable form VAT 251 and shall include the amount of output tax so calculated in Block 12 of the return for remittance form VAT 201, rendered for the tax period in which the said period of three months ends. Part B of the relevant form VAT 251 must also be completed.

Archived

2.6.5 Waar die dokumente, ten opsigte waarvan uitsetbelasting ingevolge paragraaf 2.6.4 bereken is, wel later deur die RSA-ondernemer, binne **een jaar** vanaf die datum van die transaksie, ontvang word, kan die bedrag wat voorheen by Blok 12 van die vorm BTW 201 ingesluit is as 'n insetbelastingkrediet by Blok 18 van die vorm BTW 201 geëis word vir die belastingtydperk waarin die dokumente ontvang is. Deel B van die vorm BTW 251 moet dan ook voltooi word.

2.6.6 Die belastingkoers vir doeleindes van paragrawe 2.6.4 en 2.6.5 is die koers wat van toepassing is op die datum waarop die belastingfaktuur uitgereik is.

Waar die RSA-ondernemer nie die keuse uitoefen om die betrokke goed teen die nulkoers te lewer nie, moet hy die goed teen die standaardkoers lewer sonder enige verdere verpligting teenoor die koper. Die kwalifiserende koper is egter geregtig op 'n terugbetaling van die belasting deur die BTW-terugbetalingsadministrateur wanneer hy die betrokke goed uit die RSA wegneem. Die bepalings soos uiteengesit in paragrawe 2.2, 2.3 en 2.4 sal dan van toepassing wees.

2.7 **Deelname**

Elke RSA-ondernemer besluit self of hy aan hierdie deel van die uitvoeraansporingskema wil deelneem. Aansoek om deelname kan gedoen word op vorm BTW 256, waarop die Kommissaris die ondernemer magtiging verleen om aan die skema deel te neem.

3. PROSEDURES VIR DIE UITVOER VAN GOED, WAAR DIE GOED EERS BY 'N ADRES IN DIE REPUBLIEK AFGELEWER WORD VOORDAT DIT UIT DIE REPUBLIEK WEGGENEEM WORD.

3.1 **Inleiding**

Roerende goed wat deur 'n RSA-ondernemer aan 'n ontvanger in 'n uitvoerland (behalwe 'n BLNS-land) ingevolge 'n verkoop- of 'n paaiementkredietooreenkoms gelewer word en die betrokke goed deur die RSA-ondernemer by 'n hawe, lughawe of ander uitvoerversendingspunt afgelewer word vir direkte vervoer daarvandaan deur iemand anders na 'n uitvoerland, kan teen die nulkoers ingevolge artikel 11 (1) (a) van die Wet gelewer word, mits die RSA-ondernemer in besit kom van die vereiste dokumentêre bewys soos hierna voorgeskryf en die goed binne een maand vanaf die datum van lewering uit die Republiek weggeneem word.

2.6.5 In the event of the documentation in respect of which output tax was calculated in paragraph 2.6.4 subsequently being received by the RSA vendor within **one year** from the date of the transaction, the amount previously included in Block 12 of the return for remittance form VAT 201, in respect of that supply, shall be claimed as an input tax credit in Block 18 of the return for remittance form VAT 201 for the tax period in which this documentation is received. Part B of form VAT 251 must then also be completed.

2.6.6 The rate of tax applicable for purposes of paragraphs 2.6.4 and 2.6.5 shall be the rate of tax in force at the date of issue of the tax invoice.

Where the RSA vendor decides not to supply the goods at the zero rate, he will supply the goods at the standard rate without any further obligation to the buyer. However, the qualifying purchaser is entitled to a refund of the tax by the VAT Refund Administrator when the goods are removed from the RSA by him. The procedures as set out in paragraphs 2.2, 2.3 and 2.4 will then be applicable.

2.7 **Participation**

Each RSA vendor must decide whether he wishes to participate in this part of the scheme. Application for participation must be made on form VAT 256, whereupon the Commissioner will authorise the vendor to participate in the scheme.

3. PROCEDURES FOR THE EXPORT OF GOODS IN CASES WHERE THE GOODS ARE INITIALLY DELIVERED TO AN ADDRESS IN THE REPUBLIC BEFORE BEING REMOVED FROM THE REPUBLIC

3.1 **Introduction**

Where movable goods are supplied by a RSA vendor to a recipient in an export country (excluding a BLNS country) in terms of a sale or an instalment credit agreement and the goods are delivered by the RSA vendor to a harbour, airport or other point of exit, for direct export by someone else to an export country, the goods can be supplied at the zero rate in terms of section 11 (1) (a) of the Act, provided the RSA vendor obtains the required documentary proof as set out below and the goods are removed from the Republic within one month from the date of the supply.

Archived

BTW teen die standaardkoers word egter steeds gehef op 'n lewering van goed deur 'n RSA-ondernemer aan 'n ander ondernemer of persoon wat in die Republiek woonagtig is of daarin besigheid dryf en wat die goed gaan uitvoer, al sou die RSA-ondernemer die betrokke goed vir die ander ondernemer of persoon by die uitvoerversendingspunt, soos hierbo bedoel, aflewer.

As bewys van die uitvoer en ter ondersteuning van die nulkoersbelastingfaktuur wat deur hom uitgereik word, moet die RSA-ondernemer verseker dat hy binne **een maand** vanaf die datum van die belastingfaktuur in besit kom van die dokumente wat hierna voorgeskryf word, welke dokumente ook vir 'n periode van vyf jaar bewaar moet word.

3.2 **Uitvoer per pad**

Waar die RSA-ondernemer die goed by 'n bepaalde punt in die Republiek aflewer en die goed van daar af deur die ontvanger vir sy rekening na 'n uitvoerland (behalwe 'n BLNS-land), vervoer word, moet die RSA-ondernemer bo en behalwe sy afskrif van die nulkoersbelastingfaktuur vir die lewering van die betrokke goed **al** die volgende dokumente bekom:

(i) Die ontvanger se bestelvorm of die kontrak tussen die partye;

(ii) bewys dat die goed deur die ontvanger in ontvangs geneem is;

(iii) 'n afskrif van die klaringsbrief/uitvoer (DA 550) wat deur die RSA Doeane en Aksyns gestempel is; en

(iv) 'n afskrif van die aanbod om vreemde valuta te verkoop (vorm E) as bewys dat betaling vanuit 'n uitvoerland ontvang is.

3.3 **Uitvoer per spoor**

In gevalle waar die RSA-ondernemer die goed by 'n spoorwegstasie in die Republiek aflewer, waarvandaan die goed deur Spoornet uitgevoer sal word vir die rekening van die ontvanger, moet die RSA-ondernemer bo en behalwe sy afskrif van die nulkoersbelastingfaktuur vir die lewering van die betrokke goed al die volgende dokumente bekom:

(i) 'n Afskrif van die vragdeurvoerorder uitgereik deur Spoornet;

(ii) 'n afskrif van die gekombineerde vragbrief, faktuur en afleweringsnota uitgereik deur Spoornet; en

(iii) 'n afskrif van die aanbod om vreemde valuta te verkoop (vorm E) as bewys dat betaling vanuit 'n uitvoerland ontvang is.

VAT at the standard rate will still be charged on a supply of goods by a RSA vendor to another vendor or person resident or carrying on a business in the RSA, who will export the goods, even if the RSA vendor delivers the relevant goods for the other vendor or person at the point of exit as contemplated above.

As proof of export and to support the zero rate tax invoice issued, the RSA vendor must ensure that he obtains the documents prescribed below within **one month** from the date of the tax invoice. These documents must also be kept for a period of five years.

3.2 **Export by road**

Where the RSA vendor delivers the goods to a certain point in the Republic from where the goods will be exported by the recipient, for his account, to an export country (excluding a BLNS country), the RSA vendor must, apart from his copy of the zero-rated tax invoice for the supply of the relevant goods, obtain **all** the following documentation:

(i) either the recipient's order or the contract between the parties;

(ii) proof that the goods have been recieved by the recipient;

(iii) a copy of the bill of entry/export (DA 550) stamped by the RSA Customs and Excise; and

(iv) a copy of the offer to sell foreign currency (form E) as proof of payment having been received from an export country.

3.3 **Export by rail**

Where the RSA vendor delivers the goods to a railway station in the Republic from where the goods will be exported by Spoornet for the account of the recipient, the RSA vendor must, apart from his copy of the zero-rated tax invoice for the supply of the relevant goods, obtain the following documentation:

(i) a copy of the freight transit order issued by Spoornet;

(ii) a copy of the combined consignment note, invoice and delivery note issued by Spoornet; and

(iii) a copy of the offer to sell foreign currency (form E) as proof of payment having been received from an export country.

Archived

**3.4 Uitvoer per skip**

In gevalle waar die RSA-ondernemer die goed lewer by 'n hawe in die Republiek waarvandaan die goed per skip uitgevoer word, moet die RSA-ondernemer bo en behalwe sy afskrif van die nulkoersbelastingfaktuur vir die lewering van die betrokke goed **al** die volgende dokumente bekom:

(i) 'n Afskrif van die vragbrief (bill of lading) wat 'n beskrywing van die goed wat uitgevoer word, bevat. In gevalle waar meer as een ondernemer se goed met een vrag uitgevoer word, sal daar slegs een vragbrief vir die totale vrag uitgemaak word en moet die vragbrief van 'n aanhangsel vergesel wees wat 'n volle beskrywing bevat van die goed wat deur elke ondernemer gelewer is. Hierdie beskrywing moet aandui wat die hoeveelheid of gewig asook die waarde van die betrokke goed is;

(ii) 'n afskrif van die aanbod om vreemde valuta te verkoop (vorm E) as bewys dat betaling vanuit 'n uitvoerland ontvang is; en

(iii) 'n afskrif van die belastingfaktuur uitgereik vir die laaikoste van die goed op die skip (indien van toepassing).

**3.5 Uitvoer per lug**

Waar die RSA-ondernemer die goed lewer by 'n lughawe in die Republiek waarvandaan die goed per vliegtuig, vir die rekening van die ontvanger, uitgevoer word, moet die RSA-ondernemer bo en behalwe sy afskrif van die nulkoersbelastingfaktuur vir die lewering van die betrokke goed **al** die volgende dokumente bekom:

(i) 'n Afskrif van die vragbrief (airway bill) asook die vlugnommer en die datum en plek van vertrek; en

(ii) 'n afskrif van die aanbod om vreemde valuta te verkoop (vorm E) as bewys van betaling ontvang vanuit 'n uitvoerland.

**3.6 Algemeen**

3.6.1 Die besluit om roerende goed in die bogenoemde omstandighede teen die nulkoers te lewer, is geheel en al onderhewig aan die keuse en risiko van die betrokke RSA-ondernemer. Indien hy nie die verantwoordelikheid vir die bewyslewering deur middel van die voorgeskrewe dokumente wil dra nie, hoef hy nie die goed teen die nulkoers te lewer nie, in welke geval die lewering teen die standaardkoers sal geskied.

**3.4 Export by ship**

Where the RSA vendor delivers the goods to a harbour in the Republic from where the goods will be exported by ship, the RSA vendor must, apart from his copy of the zero-rated tax invoice for the supply of the relevant goods, obtain **all** the following documentation:

(i) a copy of the bill of lading which must contain a description of the goods to be exported. Where the goods of more than one vendor will be exported on one ship, only one bill of lading, together with an annexure containing a full description of the goods supplied by each vendor, must be completed. This description must specify the number or weight, as well as the value of the relevant goods;

(ii) a copy of the offer to sell foreign currency (form E) as proof of payment having been received from an export country; and

(iii) a copy of the tax invoice issued for the loading of the goods onto the ship (if applicable).

**3.5 Export by air**

Where the RSA vendor delivers the goods to an airport in the Republic from where the goods will be exported by air for the account of the recipient, the RSA vendor must, apart from his copy of the zero-rated tax invoice for the supply of the relevant goods, obtain **all** the following documentation:

(i) a copy of the air waybill as well as the flight number and the date and place of departure; and

(ii) a copy of the offer to sell foreign currency (form E) as proof of payment having been received from an export country.

**3.6 General**

3.6.1 The decision to supply goods in the above circumstances at the zero rate is entirely subject to the discretion and risk of the RSA vendor. If the RSA vendor does not want to accept the responsibility to provide documentary proof, he need not supply the goods at the zero rate in which case the supply will be at the standard rate.

Archived

3.6.2 Indien die goed teen die standaardkoers gelewer is, het die RSA-ondernemer geen verdere verpligting ten opsigte van 'n terugbetaling of verdere administrasie van hierdie deel van die skema nie. 'n Terugbetaling sal op aansoek deur die koper, deur die BTW-terugbetalingsadministrateur gedoen word.

3.6.3 Waar die RSA-ondernemer besluit om die goed teen die nulkoers te lewer, sal die bepalings van paragrawe 2.6.4, 2.6.5 en 2.6.6, *mutatis mutandis,* hier van toepassing wees.

4. Die voorskrifte vervat in hierdie skema tree op **1 Mei 1992** in werking.

3.6.2 If the goods have been supplied at the standard rate the RSA vendor has no further responsibility for either refund or further administration of the scheme. A refund will, on request of the purchaser, be effected by the VAT Refund Administrator.

3.6.3 Where the RSA vendor decides to supply the goods at the zero rate the provisions of paragraphs 2.6.4, 2.6.5 and 2.6.6 will, *mutatis mutandis,* be applicable.

4. The procedures set out in this scheme come into operation on **1 May 1992.**

# BELANGRIKE AANKONDIGING

## *Sluitingstye*

(1) AANSOEKE OM DRANKLISENSIES
(2) AANSOEKE OM VERPLASINGS VAN LISENSIES

Hiermee word bekendgemaak dat kennisgewings vir aanname die Vrydag, twee kalenderweke voor datum van publikasie, ingedien moet word.

*Die sluitingstyd is stiptelik **15:00** op die volgende dae:*

- ▷ **19 Desember 1991,** vir die uitgawe van Vrydag **3 Januarie 1992.**
- ▷ **24 Januarie 1992,** vir die uitgawe van Vrydag **7 Februarie 1992.**
- ▷ **21 Februarie 1992,** vir die uitgawe van Vrydag **6 Maart 1992.**
- ▷ **20 Maart 1992,** vir die uitgawe van Vrydag **3 April 1992.**
- ▷ **23 April 1992,** vir die uitgawe van Vrydag **8 Mei 1992.**
- ▷ **21 Mei 1992,** vir die uitgawe van Vrydag **5 Junie 1992.**

*L.W.:* Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word.
Gegewens word presies weergegee soos verstrek op Vorm 2 en Vorm 28 van voornemende aansoeker.

# IMPORTANT ANNOUNCEMENT

## *Closing Times*

(1) APPLICATIONS FOR LIQUOR LICENCES
(2) APPLICATIONS FOR REMOVAL OF LICENCES

Notice is hereby given that notices are to be submitted for acceptance on the Friday, two calendar weeks before date of publication.

*The closing time is **15:00** sharp on the following days:*

- ▷ **19 December 1991,** for the issue of Friday **3 January 1992.**
- ▷ **24 January 1992,** for the issue of Friday **7 February 1992.**
- ▷ **21 February 1992,** for the issue of Friday **6 March 1992.**
- ▷ **20 March 1992,** for the issue of Friday **3 April 1992.**
- ▷ **23 April 1992,** for the issue of Friday **8 May 1992.**
- ▷ **21 May 1992,** for the issue of Friday **5 June 1992.**

*Note:* Late notices will be placed in the subsequent issue.
Information will be reflected exactly as furnished on Form 2 and Form 28 of prospective applicant.

Archived